

MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENIGING & BEWAREA

NOTULE VAN VERGADERING GEHOUD OP WOENSDAG, 3 JUNIE 2015 OM 13:00 BY DIE REEBOK GEMEENSKAPSAAL

NOMMER 05/2015

1. OPENING EN VERWELKOMING

Charl Coetzer open die vergadering met gebed. Die voorsitter verwelkom almal teenwoordig.

2. PRESENSIELYS EN VERSKONINGS

2.1 Teenwoordig

| | | |
|-----------------|-------------------|----------------|
| Anton Dellelijn | Voorsitter | Tergniet |
| Des Muller | Ondervoorsitter | Riverside |
| Mike Wray | Bestuurslid | Tergniethoogte |
| Charl de Wet | | Kleinbrak |
| Charl Coetzer | | Fraaiuitsig |
| Ray Saul | | Reebokhoogte |
| Pieter le Roux | | Kleinbrak |
| Len Rauch | | Tergniet |
| Johann Muller | Suid van Spoorlyn | Reebok |
| Wendy Wiles | | Bewarea |
| Kruger de Wet | | Reebokhoogte |

2.2 Op uitnodiging

| | |
|----------------------|------------------|
| Raadsheer Kalie Smit | Raadslid – Wyk 4 |
| Raadslid Gibo Gerber | Raadslid - Wyk 5 |
| Rozain Hansen | Munisipaliteit |

2.3 Afwesig met verskoning

| | | |
|-------------------------|--------------------|--------------|
| Frans de Graaff | Munisipaliteit | |
| Donovan Claassen | | Toekoms |
| Jorrie Jordaan | | Suiderkruis |
| Lydia Havenga | | Bewarea |
| Terry Terblanche | | Riverside |
| Ann Pretorius | | De Lange Uit |
| Lavinia Lunow | | Fraaiuitsig |
| Johan Lotter | Noord van Spoorlyn | Reebok |
| Frik Nel | | Reebokrif |
| Annatjie J van Rensburg | Sekretaresse | Eureka Park |

3. LIEF EN LEED

Raadsheer Kalie Smit word in besonder welkom geheet en meegevoel word betuig met die afsterwe van sy eggenote. Rozain verjaar op 23 Jun en Lavinia op 28 Jun.

4. GOEDKEURING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING

Punt 7.2 moet verander word na 6.2 en punt 14.12 moet die woord 'data' verander word na 'daar' en die woord 'jag' moet 'jaag' wees. Notule word so goedgekeur deur Johann Muller en gesekondeer deur Ray Saul.

5. NUWE SAKE VIR BESPREKING

5.1 Trap 6de Laan.

Terugvoering van Mnr Eddie Jantjies (Gemeenskapdienste) ontvang. Trappe sal in 2015/2016 boekjaar hanteer word. Albei kante van trappe gaan gevul word met die 'brushpacking' metode om sodoende mense van duin weg te hou en erosie te voorkom. **Aksie: Plaas op Aktiwiteitslys vir September 2015.**

5.2 Erf 264 en 271, Reebok (vordering van eiendomsreg).

'n Opvolg skrywe is aan die Munisipaliteit gerig om navraag te doen oor die vordering van die eienaarskap oordrag proses. Rdl Gibo Gerber gee breedvoerig terugvoer en noem dat Msb Mun met onderhandeling proses met Eden besig is, na aanleiding van 'n Eden Raadsbesluit. Hy noem dat hulle moontlik 'n dispuut gaan verklaar by die Tussen Departemente Dispuut Besleggings Liggaam. Indien geen sukses sal hulle hulself na die hoër Hof wend. **Die Vereniging is tevrede met die terugvoer en item word op Aktiwiteitslys geplaas vir Desember 2015.** Johann Muller vra dat die Munisipaliteit bedank word vir hulle optrede en ondersteuning. **Aksie: Annatjie**

5.3 Strate en Stormwater (Reebok en Tergniet).

Oorkant Kusweg 275 is daar aan die sandduin heelwat skade veroorsaak deur stormwater en die see, asook die gedeelte naby De Jager en Kusweg wat Kusweg bedreig. Altus Eitner (Ing Msb Mun) en Warren Manual (Msb Mun Omgewings Bestuur) is tans besig met die kort en lang termyn beplanning. Gedeeltes sal dringend aangespreek word met die nuwe finansiële jaar. Wendy noem dat daar 'n nuwe gedeelte is aan die ander kant van Kusweg en De Jager wat veroorsaak word deur die afvoer stormwater in De Jager, net verby die publieke toilet. Die Munisipaliteit sal dringend gekontak word. Wendy sal weer foto's neem om die verskil te sien tussen die laaste foto's voor die baie reën wat ons gehad het. **Aksie: Anton, Annatjie & Wendy.**

5.4 Plaveiwerk op duin - seekant te kusweg 335 Tergniet.

Anton noem dat inwoner onwettig plaveiwerk laat doen het deur 'n kontrakteur op die duin. Boubeheer Hoof, mnr Shaun Westerberg en Frans de Graaff volg op. Anton verduidelik dat daar wetgewing is wat jou verhoed om enige duin te versteur. 'n Volledige impak studie moet eers aangevra word en dat enige versteuring aan die duin 'n negatiewe impak mag hê op Kusweg en huise. Trappe na die see het ook al klaar 'n negatiewe impak op die duine. Kruger vra dat die Mun gevra word om die hele Kusweg te ondersoek. Rdl Gerber vra dat die MBBV&V 'n uitnodiging stuur vir Warren Manual om die lede agtergrond en informasie oor impak op duine te gee. **Aksie: Annatjie - Epos sal aan Mun gerig word.**

5.5 Erf 451 Rommel verwydering.

Vuil erf in Seashelle Straat, Fraai Uitsig. Saak is verwys na regsafdeling soos bevestiging deur Mnr Kobus van der Mescht (Msb Mun Brandweer). **Haal af.**

5.6 **Seashell skoonmaak.**

Sien 5.5. Bedank Lavinia vir hulp. **Haal af.**

5.7 **Erf 748, Koraalsingel 4 , Reebokhoogte.**

Anton noem dat Mnr Grobler ons geskakel het oor die betrokke erf wat 'n gevaar is. Mnr Grobler is baie ongelukkig dat proses so lank neem. Anton het aan hom verduidelik dat die skoonmaak prosesse baie lank neem en dat die verloop van vyf maande dus nie te lank is nie. Hy noem ook aan hom dat wetgewing dit baie moeilik maak en dat die eienaar van die erf die verantwoordelike persoon is en nie die Munisipaliteit nie. Anton het ook genoem dat inwoners die belasting betalers moet kontak en verduidelik dat daar goeie verhoudinge is en die Munisipaliteit hulle beywer na goeie dienslewering. Klagte is dadelik aan Mnr Kobus v d Mescht gestuur waarna hy verduidelik het dat die saak na die regsafdeling verwys is en tans volgens tender uitslag wag op kwotasies. Kontrakteur, Arno Bosh GBR, is aangestel en sal eersdaags daar begin werk. **Aksie: Kruger word gevra om inwoner in kennis te stel weens foutiewe epos adres van klaer.**

6. **AANVULLENDE AGENDA**

6.1 **Voorgestelde Grootmaat Rioldienste Glentana tot Kleinbrak.**

Anton noem dat elke lid die dokument oor die rioldienste ontvang het en dit gerus aan inwoners stuur wat navrae het oor die aangeleentheid. **Haal af.**

6.2 **Midbrak Ontwikkeling R102/N2 Terugvoer.**

Reeds behandel. **Plaas op Aktiwiteitslys vir Nov'15 soos per Notule 3 Mei 2015.**

7. **SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**

7.1 **Boupersele/Erwe:**

7.1.1 **Aliwal-Noord.**

Erf is skoongemaak, Lavinia word bedank vir terugvoering. **Haal af.**

7.1.2 **Hoek van Kaaimansplek en Kaaimanstraat(bo na Impala).**

Johann het erf besoek en noem dat daar geen bourommel is nie maar wel droë takke. **Aksie: Wag vir terugvoer van Munisipaliteit.**

7.2 **Herseel van Hildegardestraat Fraaiuitsig.**

Anton noem dat daar geen rekord is van die afgelope vier jaar oor die straat nie asook nie op die Herseelys nie. Versoek is gerig aan Munisipaliteit. Terugvoering van Altus Eitner dat daar huidiglik geen fondse vir die straat is nie en dat die aksie wel op die herseelys geplaas word vir 'n latere stadium. Opdrag word aan Ralph Dickson gegee om straat te vee vir los klip asook om die gate te stop. Straat sal gemonitor word, plaas op aktiwiteitslys Sep 2015. **Aksie: Haal af.**

7.3 **Ontspanningsarea te 10de Laan, Kleinbrak, Riverside.**

Die versoek is deurgegee aan Hoof van Verkeer en aksie deurgegee aan Skofpersoneel vir Wetstoepassing patrollies. **Aksie: Haal af.**

7.4 **Balke los van Trappe – einde van Tergniet.**

Len bedank die Mun vir die vinnige herstel van die trap. **Aksie: Haal af.**

7.5 **Spuiddoder.**

Terugvoering ontvang, Lanese Hesselman se spanne is tans besig met onkruidodder in die area en sal tot einde Junie daar werk. Die doel is om eers die Hoofroetes te doen. **Aksie: Haal af.**

7.6 **Gordoniaweg.**

Anton noem dat die proses om 'n Groenstrook skoon te maak baie lank neem. Sodra Mnr Abrie Nel (Msb Mun) terug is van verlof sal die saak bespreek word na aanleiding van die sekuriteits risiko. Ons het al die area organisasies se ondersteuning vir die versoek. **Aksie: Anton sal brief stuur.**

7.7 **Olckersweg 28, Reebok.**

Versoek van Kragdrade wat op dak skuur; inwoners het kennis gekry vir tydelike kragonderbreking. Pieter bevestig dat bome reeds gesnoei is. Dank aan Tegniëse Dienste Munisipaliteit. **Aksie: Haal af.**

7.8 **Slotte van Elektriese Kaste te Seesterlaan 33, Reebokhoogte, nommer K1.14.**

Kas se slot is vervang op 25 Mei 2015. Terugvoering van Dir Naidoo persoonlik ontvang. Kruger bevestig dat alle kaste in area se slotte vervang is en spreek hulle dank en waardering uit. **Aksie: Haal af.**

7.9 **Sloot R102/Eureka Park.**

Anton noem dat epos aan Provinsie gestuur is en wag op terugvoer. **Aksie: Anton & Annatjie**

8. **BYWONING MUNISIPALE KOMITEEVERGADERINGS**

Anton noem dat hy en Des teenwoordig was en getuig dat ons sake in goeie hande is en dat die Party in beheer baie goeie beheer uitoefen. **Johann Muller en Kruger De Wet** sal die volgende Komiteevergadering op 10 Junie 2015, bywoon.

9. **WYKSKOMITEES**

Die volgende Wykskomitee vergadering sal eers weer in Julie wees.

10. **PROJEKTE**

10.1 **R102 Deurpad en gras areas (Lede).**

Len noem dat sy voertuig R5000+ skade opgedoen het agv die gate in die pad. Anton noem dat die deurpad se oordoen op die begroting van Provinsie is sodra Friemersheim pad voltooi is. Rdl Gibo Gerber noem dat hy geregtig is om 'n eis in te stel teen Provinsie. **Aksie: Epos sal weer aan Eden gestuur word vir die vul van die gate asook die sny van die gras. Rdl Gerber sal dit ook op die Eden Raad bespreek.**

10.2 **Verkeerstekens, ontbrekende straatname, spoedbeperkings/-monitering (Frik Nel).**

Geen sake. **Aksie is deurlopend.**

10.3 **Hersiening van Straatname en Kartering van nuwe uitbreidings (Len & Charl)**

Len doen weer navraag oor 'n skrywe gedateer 27 Oktober 2014, wat gestuur is. Anton bevestig dat hy en Annatjie nie die skrywe kry nie maar wel 'n epos. **Aksie: Len sal weer afskrif stuur.**

10.4 **Skoonmaak van erwe (Johann).**

Reeds bespreek by Punt 7.1. **Johann hanteer deurlopend.**

11. **FINANSIES**

Voorsitter doen verslag dat Bank saldo is R10317,05 en kleinkas is ook onveranderd. 'n Bedrag van R30.00 is weer van mnr Van der Westhuizen ontvang. Dank en waardering vir al die getroue bydraes. Bewarea se gelde volgens Frik is ook onveranderd.

12. **POLISIËRING/BUURTWAG**

Len lewer verslag en gee ook terugvoer oor 'n klagte wat Magdel Jacobs direk deur na hoof van Polisie gestuur het oor die swak dienslewering van Gbr SAPS. Hy het aan haar verduidelik dat die Buurtwag en GPF goedgekeurde strukture is en erkende kanale het vir die rapportering van klagtes. Anton noem dat jy jouself skuldig maak as jy paniek saai in 'n gemeenskap en dat inligting in die brief teenstrydig is met wat hy ervaar met die Buurtwag stelsels en sisteme. Johann Muller (Voorsitter Gbr GPF) betreur en bevraagteken die optrede en verduidelik die suksesse van die buurtwage asook die Polisie. Kruger De Wet bedank die Polisie vir verskeie kere se noodsituasie hantering op die noodnommer 0446203361. **Aksie: Annatjie sal 'n skrywe rig.**

13. **BEWAREA**

13.1 **Algemeen.**

Anton bevestig dat almal Wendy se terugvoer verslag ontvang het. **Aksie: Verslag word aangeheg vir verwysing.**

13.2 **Projekte**

Sien Verslag.

13.3 **Rivier Forum Kleinbrakrivier**

Geen

14. **PLAASLIKE SAKE**

14.1 **De Lange Uitbreiding**

14.1.1 **Lae Waterdruk.**

Mun het laat weet dat waterdruk probleem aandag geniet. **Aksie: Haal af.**

14.2 Fraaiuitsig

Geen aksie. Charl vra net dat ons die Mun bedank vir hul deurlopende ondersteuning.

14.3 Klein Brakrivier

14.3.1 Anton noem dat versoek deurgegee is oor verstopte stormwater drein te Gill Straat 4 asook hv CB Malan en Louis Fourie waterpyp wat gebars het. **Aksie: Anton**

14.3.2 Nommer 37 & 60 Olckersweg Kleinbrakrivier sygaardjie is oortrek van die onkruid. **Aksie: Annatjie**

14.3.3 Kleinbrakstasie se nuwe eetplek en koffiekroeg met treintrokke goed op dreef. Mnr Louw Hartsenberg het laat weet en hou die vereniging op hoogte.

14.3.1 **Blouvlagstatus.** Geen probleme.

14.4 Reebok

14.4.1 **Noord van die Spoorlyn (Johan Lotter)**

Geen probleme nie.

14.4.2 **Suid van die Spoorlyn (Johann Muller)**

Geen probleme nie.

14.5 Reebokhoogte (Ray & Kruger)

14.5.1 **Koraalsingel 43**

Saak is in 'n regsgeding. **Aksie: Plaas op Aktiwiteitslys.**

14.5.2 **Elektriese Kaste**

Sien punt 7.8. **Aksie: Haal af.**

14.5.3 **Onkruiddoder**

Word in Junie hanteer deur Mun. **Aksie: Haal af.**

14.5.4 **Algemeen**

Kruger noem dat die MBBV&B die Mun moet bedank met hulle onlangse behuisings toekenning wat ontvang is. **Aksie: Kruger sal brief opstel.**

14.6 **Rebokrif**

Geen probleme nie.

14.7 **Riverside**

Afgehandel, sien punt 7.3.

14.8 **Tergniet**

Geen probleem nie.

14.9 Tergniethoogte

Mike bedank die Mun namens inwoners. 'n Inwoner draf elke oggend vroeg en een van die strate is baie donker. 'n Straatlig is op versoek onmiddelik vervang. Geen verdere probleme nie. **Aksie: Annatjie sal bedankings epos stuur.**

14.10 Toekoms

Sukkel nog met Straatname. Anton noem ook dat Ansie Gerber die inwoners help met kragrekeninge en deurnis gevalle. **Aksie: Rdl Gibo sal opvolg, Annatjie sal ook bevestig met Donovan en epos stuur.**

14.11 Eureka Park

14.11.1 Duineweg se stormwater probleem by inwoner se huis is gerapporteer en vinnige aksie is ontvang.

14.11.2 Rdl Gerber noem dat die klagte oor 'n selfgemaakte stormwatersluis ondersoek word.

14.12 Suiderkruis

Geen.

15. KORRESPONDENSIE

Geen korrespondensie

16. ALGEMEEN

16.1 Anton nooi die lede uit om die bewarea kursusse by te woon. Dit is lewensverreikend en voeg waarde toe.

16.2 Kruger vra dat ons as MBBV&B lede Annatjie bedank vir haar effektiewe kommunikasie en eposse. **Anton sal brief stuur.**

16.3 Pad oorgang by Suiderkruis en Spar; Johann wag nog op terugvoer. Hy noem ook dat die Mun ons moet ondersteun by Provinsie en Nasionaal.

16.4 Ray Saul bedank almal vir hulle deelname en dat die vergadering sinvol en meelewend is.

17. VOLGENDE VERGADERING

Die volgende vergadering vind om 13h00 op 1 Julie 2015 in Reebok Gemeenskapsaal plaas.

18. VERDAGING

Hiermee verdaag die vergadering.

ANNATJIE JANSE VAN RENSBURG
NOTULEERDER

ANTON DELLEMIJN
VOORSITTER

| MBBV AKTIWITEITSLYS 2015/2016 | |
|---|-------------------|
| Onderwerp | Bespreking |
| 1. Midbrak ontwikkeling – voorgestelde grondgebruik verandering vanaf landbou of onbepaalde gebruik of 'n soortgelyke sonering na enige ander grondgebruik vir dorpstiging | Nov 2015 |
| 2. <u>Sake by Regsafdeling</u> | |
| a. Tennisbane – Klein-Brakrivier (navraag oor eiendomsreg) | Aug 2015 |
| b. Erf 264 en 271, Reebok (vordering van eiendomsreg) | Des 2015 |
| c. Koraal Singel 43 (Vordering). Regsgeding. | Dec 2015 |
| 3. Trap 6de Laan. (Terugvoering van Mnr Eddie Jantjies (Gemeenskap dienste) ontvang. Trappe sal in 2015/2016 boekjaar hanteer word. Albei kante van trappe gaan gevul word met die 'brushpacking' metode om sodoende mense van duin weg te hou en erosie te voorkom.) | Sep 2015 |
| 4. | |
| 5. | |
| 6. | |
| 7. | |
| 8. | |
| 9. | |
| 10. | |